**Sanlam Persoonlike Voorooreenkomsverklaring**
**kragtens artikel 92 van die Nasionale Kredietwet, Nr. 34 van 2005**
**(met insluiting van regte, verpligtinge, bepalings en voorwaardes)**

## 1. Definisies en Interpretasie

"**Die Wet**" beteken die Nasionale Kredietwet Nr. 34 van 2005 soos van tyd tot tyd gewysig.

"**Die Ooreenkoms**" beteken u persoonlike leningsooreenkoms met die Kredietverskaffer. Die Ooreenkoms bestaan uitsluitlik uit die bepalings en voorwaardes wat in hierdie Voorooreenkomsverklaring uiteengesit word,en die dokument wat u elektroniese of skriftelike of mondelinge aanvaarding van beide die Voorooreenkomsverklaring en die elektroniese of mondelinge en stemopgeneemde Kwotasie, wat deur Direct Axis namens die Kredietverskaffer opgeneem en aangegaan is of u optrede in aanvaarding van die Leningsbedrag, waar dit gesien sal word as u aanvaarding van die Voorooreenkomsverklaring en Kwotasie. Ten einde enige twyfel uit te sluit, vervang die bepalings en voorwaardes soos in die Voorooreenkomsverklaring uiteengesit, enige stem opname wat uit die Ooreenkoms gespruit het vir alle doeleindes van die Wet, . Indien ons hierná sou instem om by wyse van ŉ wysiging aan die Ooreenkoms ŉ verdere leningsbedrag aan u te verleen, sal ons u van ŉ verdere Kwotasie voorsien wat die bykomende leningsbedrag en enige gevolglike verandering in die koste van krediet en/of kredietlewensdekking (indien van toepassing), rentekoers, terugbetalingstydperk en paaiementbedrag sal aandui. In so ŉ geval, indien u die verdere Kwotasie sou aanvaar, sal die bepalings en voorwaardes wat in hierdie dokument uiteengesit word, by verwysing by die gewysigde Ooreenkoms ingesluit word. Maak asseblief seker dat u hierdie Voorooreenkomsverklaring op ŉ veilige plek bewaar sodat u dit in die toekoms kan raadpleeg.

"**Jaarlikse Rentekoers**" beteken die vaste jaarlikse nominale koers waarteen rente op die saldo van die Hoofskuld bereken word.

**"Kredietverskaffer"** beteken Sanlam Persoonlike Lenings (Edms) Beperk Reg. Nr 2001/016316/07 and Geregistreerde Kredietverskaffer NCRCP 272. Domicilium Adres 108 De Waalweg, Diep River, 7800.

**"Direct Axis"** beteken Direct Axis SA (Edms) Bpk, Reg. Nr 1995/006077/07 , 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en agent vir die Kredietverskaffer met die doel om Sanlam Persoonlike Lenings te verwerk en te administreer. Domicilium Adres 108 De Waalweg, Dieprivier, 7800.**.**

**"Leningsbedrag"** beteken enige geld wat ingevolge hierdie Ooreenkoms aan u uitbetaal word. Hierdie bedrag sluit die **oorspronklike leningsbedrag** sowel as enige **bykomende leningsbedrag** in wat hierná by wyse van ŉ wysiging aan hierdie Ooreenkoms aan u beskikbaar gestel word.

**"Verliesbegunstigde"** beteken 'n party aan wie 'n versekeringsvereffening betaal moet word, en wat in die konteks van die Ooreenkoms die Kredietverskaffer is.

**"Persoonlike Beskermingsplan"** beteken die kredietlewensversekeringsdekking wat Direct Axis bied om u uitstaande verpligtinge ingevolge die Ooreenkoms op enige tydstip te dek.

"**Hoofskuld**" beteken die bedrag wat uitgestel is en waarop rente bereken word. Dit bestaan uit die Leningsbedrag wat toegestaan is, die aanvangsgelde (waar van toepassing) indien dit nie voorafbetaal is nie, en enige ander koste, wat rente insluit, wat bygevoeg word namate en wanneer dit betaalbaar word.

Enige verwysing na **"Ons"** verwys na die Kredietverskaffer.

Enige verwysing na **"U"** verwys na die kredietontvanger wat die eienaar is van die persoonlike leningsrekening.

## 2. Koste van Krediet

Die volgende koste van krediet is betaalbaar:

- Rente, wat daagliks terugwerkend bereken word teen die Jaarlikse Rentekoers, en maandeliks saamgestel word op die betaaldatum soos deur u gekies. Dit word gehef vanaf die datum waarop die ooreenkoms of gewysigde ooreenkoms deur u aanvaar word.

- Aanvangsgelde, wat die gelde is wat gevra word vir die voorbereidingskoste van die Ooreenkoms. U kan kies om hierdie gelde vooruit te betaal of om dit by die hoofskuld in te sluit. Indien u die aanvangsgelde by die hoofskuld laat insluit, sal rente daarop gehef word. Indien u verkies om die aanvangsgelde aan die begin te betaal, moet u dit in die First National Bank rekening inbetaal wat ons aan u sal gee, die verwysingsnommer gebruik wat ons sal verskaf, én aan ons bewys lewer van sodanige betaling voor die leningsbedrag aan u toegestaan word. Hierdie gelde is nie van toepassing waar ŉ nuwe lening ŉ bestaande lening vervang of waar ŉ bykomende leningsbedrag ingevolge ŉ wysiging aan ŉ bestaande Ooreenkoms uitbetaal word nie.

- Diensgelde, wat die maandelikse diensgelde is wat op die betaaldatum gehef word vir die roetine maandelikse administrasie van u rekening. Indien u nie hierdie gelde betyds betaal nie, word dit by die uitstaande saldo gevoeg en word rente daarop gehef.

- In soverre dit deur hoofstuk 6,d Deel C van die Wet toegelaat word, indien u te eniger tyd kragtens hierdie ooreenkoms aan wanbetaling skuldig is, die wanbetalingsadministrasie- en invorderingskoste wat ontstaan uit u versuim om aan die bepalings en voorwaardes van hierdie Ooreenkoms te voldoen, sowel as regskoste, invorderingskoste en kommissie op alle betalings wat deur u gemaak word indien die saak na 'n skuldinvorderingsmaatskappy of prokureur verwys word. Sodanige koste word gehef namate en wanneer dit ontstaan.

- Die maandelikse koste van die Persoonlike Beskermingsplan se premies, indien u kies om ons aanbod van kredietlewensversekering, soos in die volgende gedeelte bespreek, te aanvaar.

**3. Kredietlewensversekering**

Ons vereis van u om kredietlewensversekering in stand te hou om u uitstaande verpligtinge kragtens die Ooreenkoms op enige tydstip te dek, en dat ons as die Verliesbegunstigde kragtens hierdie polis benoem word.

Ons bied in hierdie verband 'n Persoonlike Beskermingsplan wat deur Channel Lewensversekeringsmaatskappy Bpk onderskryf word en met wie ons in die positiewe prestasie van hierdie versekeringskema deel. Direct Axis is gemagtig om lewensversekerings produkte te verkoop waarvoor hulle professionele vrywaringsversekering by Santam het.

Hierdie plan bied dekking ten opsigte van die vereffeningswaarde van u lening (ook enige bykomende leningsbedrag wat ingevolge 'n wysiging aan die Ooreenkoms aan u uitbetaal kan word), wat uitsluit enige agterstallige bedrae of finansieringskoste) te eniger tyd gedurende die duur van die Ooreenkoms.

Onderworpe aan bepaalde omstandighede (soos wagtydperke of vlakke van erns) of uitsluitings word hierdie dekking verskaf in geval van u sterfte, permanente ongeskiktheid. Dit verskaf beperkete dekking indien daar gediagnoseer word dat u aan sekere gevreesde siektes ly soos kanker, hartaanvalle, beroertes, nierversaking, blindheid, totale en onomkeerbare verlies van die gebruik van 'n ledemaat, ernstige brandwonde en 'n koma. Die meeste hartverwante chirurgie en groot orgaanoorplantings word ook gedek.

Hierdie plan bied ook beperkte dekking vir paaiemente wat verskuldig is terwyl u tydelik ongeskik is of in die 6 maande ná personeelvermindering, of in die ses maande wat volg op inkomsteverlies indien u vir uself werk. Verder voorsien hierdie plan vir beperkte dekking vir 3 maande se paaiemente na 'n beskermde staking.

Pensioentrekkers of ander persone wat nie 'n inkomste as werknemer verdien nie, kom nie in aanmerking vir permanente of tydelike ongeskiktheidsdekking of dekking vir personeelvermindering of beskermde staking nie.

Verder bestaan sekere uitsluitings, waarvan die belangrikste is dat geen eis oorweeg sal word ten opsigte van 'n toestand of gebeurtenis wat ontstaan uit die volgende nie:

- U selfmoord of poging tot selfmoord of self-toegediende besering binne 24 maande nadat hierdie Ooreenkoms aangegaan is
- Die bestuur van 'n voertuig onder die invloed van bedwelmende drank of narkotiese dwelmmiddelss,
- Enige voorafbestaandesiekte, besering of enige ander toestand (soos 'n kadiovaskulere voorval van enige aard ookal, kanker, beroerte,psigiatriese en/of psigologiesekwale, ruggraat en/of rugkwale) wat wesenlik tot u eis teen die polis bygedra het, en wat in die 12 maande voor die Ooreenkoms bestaan het en in die 12 maande nadat die Ooreenkoms aangegaan is voortduur of terugkeer tensy die polis 'n bestaande polis vir'n vorige persoonlike lening vervang

U het die reg om afstand te doen van die Persoonlike Beskermingsplan wat ons bied, en om dit met 'n gelykstaande krediet lewenspolis van u keuse te vervang. In so 'n geval benodig ons dokumentêre bewys van die bestaan van sodanige dekking, die besonderhede daarvan, en dat ons as die Verliesbegunstigde kragtens die polis benoem is tot en met die vereffeningswaarde van die Ooreenkoms (volgens vorm 23 van die Wet). Die leningsbedrag sal nie toegestaan word voordat ons sodanige bewys ontvang het en daarmee tevrede is nie.

Indien u verdere besonderhede oor ons Persoonlike Beskermingsplan nodig het voor u u keuse uitoefen, sal ons u van 'n afskrif van die uitvoerige polisdokument voorsien voordat u besluit of u ons polis wil aanvaar of dit met 'n polis van u keuse wil vervang.

Wanneer u instem om ons Persoonlike Beskermingsplan te aanvaar, sal ons geen bybetaling, gelde of bykomende premie byvoeg by die werklike koste van hierdie versekering nie, en sal ons:

- die maandelikse premiekoste van die versekering openbaar maak en dit by u maandelikse paaiementbedrag insluit;
- indien van toepassing, voor u aanvaarding van enige volgende kwotasie vir 'n bykomende leningsbedrag enige verandering in maandelikse premiekoste openbaar maak;
- die bedrag van enige kommissie wat ons kan ontvang, openbaar maak;
- alle premiebetalings wat u maak stiptelik aan die versekeraar oorbetaal en u belang in hierdie polis administreer totdat hierdie Ooreenkoms tot 'n einde kom;
- voor die aangaan van hierdie Ooreenkoms die voordele, bepalings en voorwaardes wat op hierdie polis betrekking het, verduidelik
- Ná die sluiting van hierdie Ooreenkoms vir u 'n breedvoeringe polisdokument stuur waarin al die voordele, bepalings, uitsluitings en eisprosedures uiteengesit word

U erken dat u vrye keuse het ten opsigte van die polis, die versekeraar, die makelaar of tussenganger, en dat u hierdie keuse uitgeoefen het sonder om gedwing of oorreed te word.

**4. Terugbetalings en hoe ons U betalings gebruik**

Indien u kies om die aanvangsgelde vooruit te betaal, moet u dit in die First National Bank rekening inbetaal wat ons vir u sal gee, die verwysingsnommer gebruik wat ons aan u sal verskaf, én aan ons bewys lewer van sodanige betaling voordat die leningsbedrag aan u toegestaan kan word.

Paaiemente is betaalbaar binne 14 dae ná die Kwotasiedatum, en die daaropvolgende paaiemente maandeliks daarná. Daarom is dit 'n voorwaarde van die Ooreenkoms dat u ons magtig om 'n maandelikse debietorder te verhaal van die bankrekening waarin u inkomste inbetaal word. Buiten Desember, sal die aftrekkings op u salarisdatum gemaak word, of op die laaste besigheidsdag voor u salarisdatum indien die salarisdatum oor 'n naweek of op 'n openbare vakansiedag val, met die verstande dat sodanige datum nie voor die paaiementbetaaldatum is nie.

Indien ons daarvan bewus word dat u salarisdatum of bankbesonderhede verander het, sal u debietorder besonderhede dienooreenkomstig aangepas word. Ons behou die reg om in Desember u rekening vroeër as gewoonlik te debiteer, mits ons u vooraf in kennis stel en mits die datum nie voor die paaiementbetaaldatum is nie.

U kan enige van die paaiemente vooruitbetaal sonder enige benadeling. U terugbetalings word gebruik om u verpligtinge in die volgende orde te verminder: (i) verskuldigde of onbetaalde rente; (ii) verskuldigde of onbetaalde gelde of koste, en (iii) die hoofskuldbedrag.

**5. Vroeë Vereffening van die Ooreenkoms**

U kan hierdie Ooreenkoms te enige tyd , met óf sonder kennisgewing ten volle vereffen, deur die betaling van die vereffeningswaarde aan ons.

Die vereffeningswaarde sal in sodanige geval die onbetaalde saldo op die hoofskuld wees plus die onbetaalde rente en alle ander gelde en koste wat u , tot op die vereffeningsdatum aan ons verskuldig is. U kan te enige tyd die vereffeningswaarde by Direct Axis aanvra.

**6. Ooreenkomsbreuk**

Indien u enigiets doen of toelaat om te gebeur wat op enige manier ons regte kragtens die Ooreenkoms kan benadeel of waardeur ons enige verlies of skade kan ly, byvoorbeeld laatbetaling of wanbetaling van enige paaiement, is u skuldig aan ooreenkomsbreuk vanaf die oomblik dat die verbode gebeurtenis of optrede of versuim plaasgevind het.

Indien u enige paaiemente later as die betaaldag betaal, moet u bykomende rente op die agterstallige bedrae betaal teen dieselfde rentekoers as wat in die Kwotasie uiteengesit word en op die Ooreenkoms van toepassing is.

Indien 3 opeenvolgende debietorders nie betaal word nie, sal u debietorder outomaties gekanselleer word en sal u verplig word om kontant inbetalings ten opsigte van die betaalbare bedrag te maak.

Indien u in gebreke bly om enige bedrae te betaal wat kragtens hierdie Ooreenkoms verskuldig is, kan ons (met voorbehoud van al enige van ons ander regte) met regstappe voortgaan vir die afdwinging en beëindiging van hierdie Ooreenkoms, soos in Hoofstuk 6 Deel C van die Wet uiteengesit.

Wanneer u skuldig is aan wanbetaling kragtens die Ooreenkoms, sal die volle uitstaande kapitaalbalans onmiddellik verskuldig en betaalbaar word, en is u ook aanspreeklik vir die wanbetalingsadministrasiekoste en invorderingskoste ooreenkomstig die Wet op die Hooggeregshof, die Wet op Landdroshowe, die Wet op Skuldinvorderaars, of die Prokureurswet, na gelang van omstandighede.

Indien ons kies om die Ooreenkoms af te dwing, sal die prosedure wat hieronder uiteengesit word, gevolg word:

- 'n Brief sal aan u gestuur word wat u aandag op u wanbetaling kragtens die Ooreenkoms vestig.
- 'n Voorstel sal in daardie brief gemaak word dat u hierdie Ooreenkoms na 'n skuldberader, alternatiewe geskilbeslegtingsagent, verbruikershof of Ombudsman met regsbevoegdheid neem met die bedoeling dat ons enige geskille beslegof 'n plan ontwikkel en afspreek om die betalings kragtens hierdie Ooreenkoms in te haal.
- Indien u om 'n skuldhersiening ooreenkomstig artikel 86 van die Wet aansoek gedoen het, en die hersiening is nie binne 60 werksdae ná sodanige aansoek afgehandel nie, kan ons 'n kennisgewing stuur wat die skuldhersiening ooreenkomstig artikel 86(10) van die Wet beëindig.

Indien u op hierdie wyse om skuldhersiening aansoek doen, mag u nie enige ander kredietooreenkoms aangaan of enige verdere uitgawes op 'n kredietfasiliteit (soos 'n kredietkaart) oploop tot dat u aansoek afgekeur is of u ál u verpligtinge kragtens alle kredietooreenkomste vereffen het, soos deur die hof ooreengekom is nie.

Regstappe sal nie teen u gedoen word nie, tensy:

- U vir ten minste 20 werksdae aan wanbetaling skuldig is; en
- ten minste 10 werksdae verloop het sedert die wanbetalingsbrief of kennisgewing waarna hierbo verwys word afgelewer is welke 10 dae kan saamval met die 20 dae lange wanbetalingstydperk; en
- u versuim het om op die wanbetalingsbrief te reageer, of indien u reageer het deur ons voorstel te verwerp.

Indien ons verkies om hierdie Ooreenkoms kragtens artikel 123 van die Wet te beëindig, sal dieselfde afdwingingsprosedure soos hierbo uiteengesit voor sodanige beëindiging gevolg word.

In geval van wanbetaling is u daarop geregtig om te enige tyd voor die beëindiging van die Ooreenkoms, die Ooreenkoms te herstel deur alle agterstallige bedrae sowel as ons toegelate wanbetalingskoste en redelike koste tot en met die herstel te betaal.

**7. Rekeningstaat**

Ons sal u gereeld van 'n rekeningstaat voorsien en u kan kies om dit maandeliks of kwartaalliks te ontvang.

**8. Adresse en die Ontvangs van Dokumente**

U bevestig dat die woon adres wat u verskaf het die adres is waarheen enige regskennisgewings gestuur moet word.

U bevestig dat die pos- of e-posadres wat u verskaf het die adresse is waarheen ons alle pos en ander korrespondensie moet stuur, wat rekeningstate insluit. In die geval van ŉ kennisgewing van verandering van woonadres moet sodanige kennisgewing vergesel word van dokumentasie wat as bewys van u nuwe woonadres kan dien. Ons onderneem dat ons geen sodanige korrespondensie per e-pos aan u sal stuur nie, tensy u ons toestemming gee om dit te doen.

U moet Direct Axis skriftelik in kennis stel van enige adresverandering of enige verandering in u kontakbesonderhede, wat e-posadresse en telefoonnommers insluit. Indien u versuim om kennis te gee van sodanige adresveranderinge, kan ons die jongste adres wat ons van u het, gebruik, selfs al is hierdie adres nie meer korrek nie.

U neem kennis dat ons sal aanvaar dat u 'n kennisgewing of brief ontvang het 5 dae nadat ons dit gepos het of 2 dae nadat ons dit per e-pos gestuur het.

**9. Sertifikaat van Verskuldigde Bedrag**

Ons kan 'n sertifikaat verskaf van enige van ons bestuurders, wie se hoedanigheid ons nie sal hoef te bewys nie, wat die bedrag wat aan ons verskuldig is, sowel as hoe dit bereken is, aantoon.

Tensy u nie met sodanige bedrag saamstem nie en indien u die Hof kan oortuig dat die bedrag op die sertifikaat foutief is, word daar ooreengekom dat ons enige uitspraak of opdrag mag aanvaar waarop ons regtens geregtig is gegrond op die feite in die sertifikaat, of sodanige bedrag as wat aan u verskuldig is soos wat die Hof mag bevind.

**10. Sessie en Oordrag**

Ons kan, met óf sonder kennisgewing aan u, ons regte en verpligtinge kragtens die Ooreenkoms aan enige Kredietverskaffer oordra, en u stem in dat u sal voortgaan om u verpligtinge ten opsigte van die nuwe Kredietverskaffer na te kom.

**11. Kredietburo's, Kredietverslagdoening en Kredietdeelpraktyke**

Deur ons Kwotasie en hierdie Voorooreenkomsverklaring te aanvaar, erken en bevestig u die volgende:

Ons kan die besonderhede van u aansoek om finansiering en die leningsooreenkoms aan enige Kredietburo stuur. Dít sluit in die aangaan en beëindiging van die Ooreenkoms, u terugbetaling ooreenkomstig die Ooreenkoms, en die openbaarmaking van enige nie-voldoening aan die terugbetalingsbepalings en betaaldatums kragtens die Ooreenkoms.

Waar ons egter van plan is om ongunstige inligting, soos agterstallige skuld of oorhandiging vir regstappe, bekend te maak, sal ons u minstens 20 werksdae kennis gee.

Die Kredietburo's kan die inligting wat ons deurstuur, gebruik om 'n kredietprofiel en kredietkeuring te verskaf wat u kredietwaardigheid aandui.

U kan te enige tyd met die Kredietburo's skakel; u het die reg op die openbaarmaking van u kredietrekord, en u kan enige verkeerde inligting bevtwis en die inligting laat regstel waar ons nie in staat is om geloofwaardige bewyse te lewer om die inligting te verifieer nie.

Hier volg die name en kontakbesonderhede van die Kredietburo's waarheen die inligting gestuur sal word:

- **Transunion:** telefoon 011 214 6000 / 0861 482482 of e-pos webmaster@transunion.co.za
- **Experian:** telefoon 011 799 3400 / 0861 105665 of e-pos info@experian.co.za
- **Xpert Decision Systems:** telefoon 011 645 9100 of e-pos info@xds.co.za

**12. Klagtes en Geskille**

In geval u 'n navraag, klagte of 'n geskil het, skakel asseblief Direct Axis se Kliëntediensafdeling, wat hul bes sal doen om die klagte of geskilt op te los.

Indien Direct Axis nie u klagte of geskil kan oplos nie, is u ook daarop geregtig om die bystand van die Bankombudsman of die Nasionale Kredietreguleerder te versoek. Indien die Nasionale Kredietreguleerder hulp weier, kan u die saak regstreeks na die Tribunaal verwys.

Kontakbesonderhede vir die hantering van klagtes en geskille is soos volg:

- **Direct Axis Klientediens-/Voldoenings departement: telefoon** 0861 20 40 60 of e-pos sanlamccd@directaxis.co.za
- **Bankombudsman:** telefoon 0860 800 900 of e-pos info@obssa.co.za
- **Nasionale Kredietreguleerder:** telefoon 0860 627627 of e-pos info@ncr.org.za
- **Nasionale Verbruikerstribunaal:** telefoon 012 663 5615 of e-pos Registry@thenct.org.za

**13. Die Reg op Aansoek by 'n Skuldberader**

U het kragtens artikel 86 van die Wet die reg om by 'n Skuldberader aansoek te doen om oorverskuldig verklaar te word , en om vir bystand te vra voordat ons enige afdwingingstappe teen u doen indien u ooreenkomstig die Ooreenkoms aan wanbetaling skuldig is.

Die kontakbesonderhede vir Skuldberaders in u omgewing kan van die Nasionale Kredietreguleerder verkry word indien Direct Axis u nie in hierdie verband kan help nie. Die Skuldberader sal u vra om vorm 16 in te vul en 'n fooi te betaal wat ooreenkomstig die Wet op Nasionale Krediet voorgeskryf word. Die Skuldberader sal u aansoek evalueer en dit ofaanvaar of verwerp.

**14. Ander Regte**

U het kragtens die Wet op Nasionale Krediet die reg:

- om vir krediet aansoek te doen;
- op beskerming teen diskriminasie ten opsigte van krediet;
- om te versoek dat die hoofe rede waarom krediet geweier is, skriftelik aan u verskaf word;
- om alle dokumente te ontvang wat deur die Wet vereis word;
- om sodanige dokumente te ontvangin 'n amptelike taal waarvoor ons deur die Nasionale Kredietreguleerder goedgekeur is;
- op inligting in duidelike en verstaanbare taal;
- om 'n kwotasie te ontvang wat vir 5 werksdae geldig is, sowel as 'n voorooreenkomsverklaring, waarvan albei se bepalings en voorwaardes ten volle aan u verduidelik word voordat u enige kredietooreenkoms aangaan; en
- om uitgesluit te word van enige:

  i) telebemarkingsveldtog wat deur of namens ŉ kredietverskaffer gedoen word;

  ii) bemarkings- of kliëntelys wat anders as ooreenkomstig die Wet deur die kredietverskaffer;

  of

  iii) massaverspreiding van e-pos of SMS boodskappe deur of namens die kredietverskaffer.

U kan hierdie reg uitoefen wanneer u die leningskwotasie aanvaar, of op enige ander tydstip, deur Direct Axis se Kliëntediensafdeling te bel by 0861 20 40 60, of deur ŉ e-pos te stuur na sanlamccd@directaxis.co.za

**15. Ander Erkennings en Bevestigings**

'n Kwotasie sal aan alle suksesvolle leningsaansoekers verskaf word soos deur die Wet vereis, in welke stadium alle finansiële besonderhede, wat insluit rentekoerse en ander koste wat spesifiek met u aansoek verband hou, openbaar gemaak sal word.

Indien u in enige stadium enige bykomende leningsbedrag as ŉ wysiging aan die Ooreenkoms versoek, sal ŉ verdere Kwotasie aan u voorsien word, met die gewysigde finansiële besonderhede vanweë enige verandering in die leningsbedrag, terugbetalingstydperk, rentekoers of koste van die Persoonlike Beskermingsplan (indien van toepassing).

Kwotasies geldig vir 5 werksdae, in welke tyd enige dokumente wat ons van u versoek, by ons afgelewer moet word. U lening bedrag sal slegs uit betaal word aan u sodra ons al die nodige dokumentasie ontvang van u.

Sodanige dokumente kan insluit, maar is nie beperk nie tot: bewys van woon adres, bewys van betaling van die aanvangsgelde(indien van toepassing) indien u kies om hierdie gelde vooruit te betaal,en enige dokumente wat met kredietlewensversekering verband hou waar u kies om nie ons Persoonlike Beskermingsplan te aanvaar nie.

Aansoeke, kwotasies en die aanvaarding daarvan kan telefonies geskied, in welke geval sodanige gesprekke op band opgeneem sal word.

Aansoeke kan ook aanlyn via die webtuiste www.sanlam.co.za/personalloans ingedien word. In so ŉ geval kan enige aanlynkwotasie ook aanlyn aanvaar word.

In alle gevalle sal u aanvaarding van enige kwotasie skriftelik bevestig word.

Deur die Kwotasie en die bepalings van hierdie Voorooreenkoms verklaring te aanvaar, erken en bevestig u dat:

- u nie tans oorverskuldig is nie;
- u nie tans onder administrasie, sekwestrasie, skuldhersiening of ŉ herstruktureringsbevel is nie en nie ingevolge ŉ hofbevel verstandelik onbevoeg verklaar is nie;
- u die voorooreenkomsverklaring sal lees en sal seker maak dat u dit verstaan voordat u enige aanbod van enige leningsbedrag aanvaar.
- die Kwotasie en Voorooreenkomsverklaring met u bespreek is en dat u die koste, risiko's en verpligtinge wat verband hou met u sluiting van die Ooreenkoms verstaan en insien;
- Indien u binne gemeenskap van goedere getroud is, benodig u u gade se toestemming om in hierdie ooreenkoms te betree en sodanige toestemming verkry het
- enige bykomende leningsbedrag wat as ŉ wysiging aan die Ooreenkoms aan u verleen kan word, nie ŉ nuwe ooreenkoms sal uitmaak nie, maar dat sodanige bykomende bedrag op dieselfde bepalings en voorwaardes as die bepalings en voorwaardes in hierdie Ooreenkoms aan u beskikbaar gestel sal word;
- u geen verdere krediet opgeneem het buiten dit wat reeds bestaan het ten tyde van u aansoek om finansiering nie;
- alle inligting wat u aan ons verskaf het in alle opsigte waar en juis is ,en dat ons op hierdie inligting kan staatmaak;

- indien u nie die betalings volgens die Ooreenkoms maak nie, Direct Axis op enige dag van die week oor die uitstaande betalings met u kan skakel;

- Indien daar onvoldoende fondse is in die aangeduide bankrekening vir die betaling van die debietorderverpligtinge ons daarop geregtig is om tred te hou met u bankrekening, en die debietorder opnuut vir betaling aan te bied sodra daar voldoende fondse is;

- indien u debietordermagtiging gekanselleer/afgekeur word op grond van 3 opeenvolgende onsuksesvolle debietorderbetalings, u Direct Axis hiermee magtig om die debietorder na eie goeddunke te heraktiveer.

- in die geval dat u u bankrekening besonderhede verander, bemagtig u Direct Axis om daardie bankrekening veranderinge aan enige ander kontrak, wat u deur Direct Axis sluit, toetepas.

Ons behou die reg om deur middel van skriftelike kennisgewing aan die Ooreenkoms te onttrek indien enige nuwe of voorheen onvermelde feit na vore kom wat u kredietwaardigheid of vermoë om hierdie lening terug te betaal negatief kan beïnvloed. Die Ooreenkoms sal dan van nul en gener waarde wees, en geen party sal enige eis teen die ander hê nie.

**U mondelinge, skriftelike of aanlynaanvaarding van die kwotasie of u optrede deur die aanvaarding van die Leningbedrag sowel as hierdie bepalings en voorwaardes sal die volle ooreenkoms uitmaak, en sal bindend wees totdat u ál die bedrae ingevolge die ooreenkoms betaal het. Geen veranderinge mag aan die Ooreenkoms aangebring word nie, tensy daar skriftelik oor hierdie verandering ooreengekom word, of tensy daar mondeling oor die veranderinge ooreengekom word en dit op band opgeneem en daarná skriftelik weergegee word. Sodanige veranderinge kan insluit ’n bykomende leningsbedrag wat ná die oorspronklike leningsbedrag uitbetaal word.**